
## 4 Die vertelling van die storie met jou liggaam



**FIGUUR 8** Hier is 'n leerder wat die fisiese eienskappe van 'n leeu naboots. Wat merk jy omtrent sy liggaamstaal en gesigsuitdrukking op?

Jou liggaam is net so belangrik soos die woorde wat jy gebruik wanneer jy 'n storie vertel. Jou liggaam en stem moet mekaar ondersteun. Werk aan liggaamstaal, gebare, gesigsuitdrukking en oogkontak om die storie lewend te maak. Fisiese beheer en fokus is belangrik. Daar kan geleenthede wees wanneer stilte doeltreffend is.

Die verteller moet gemaklik, ontspanne en vol selfvertroue voor die gehoor wees, en gebare gebruik om die betekenis van wat hy of sy wil sê, duidelik te maak. Maak oogkontak met die gehoor om hulle belangstelling te behou.

Elke karakter moet sy of haar eie fisiese eienskappe hê. 'n Leeu-karakter moet byvoorbeeld 'n trotse houding en 'n sterk, sluipende manier van loop hê (sien **FIGUUR 8**). Onthou dat jy nie die karakter hoef uit te beeld presies soos in die werklikheid nie; jy moet eerder die wese van die karakter in jou bewegings probeer vasvang.

### Aktiwiteit 12 Die kontrolering van jou liggaamstaal

1 Bekyk die karakters in julle volksverhaal fisies. Probeer die emosies van die storie deur jou liggaamstaal en gesigsuitdrukkings vasvang. Skryf notas in die teks om julle hieraan te herinner.

2 Wanneer sal jy oogkontak met die gehoor maak? Dit is gewoonlik vir die verteller belangrik om dit te doen. Wanneer moet daar oogkontak tussen die karakters wees?

3 Dink na oor hoe julle beweging kan gebruik om die karakter interessant en anders as die ander karakters in die storie te maak. Beweeg hulle stadig of vinnig, of aggressief of vreedsaam?